http://akroterion.journals.ac.za/

# KLASSIEKE KULTUUR OP STELLENBOSCH

Terwyl die aantal studente in Grieks en Latyn afneem, is daar nog steeds by die breër publiek groot belangstelling in die beskawing van die Grieke en Romeine. P.W. Rose sê tereg: "The field of classical literature and thought daily demonstrates its capacity to engage the lively intelligences of an extraordinary range of intellectuals who happen not to know Greek but are conscientious in their efforts to benefit from the works of those who do."[1] In hierdie behoefte moet voorsien word, ook ter wille van die oorlewing van die Klassieke, en daarom kry kursusse in Klassieke Kultuur al hoe meer aandag. Die opstel van sulke kursusse lewer heelwat probleme op en daarom kan dit baie vrugbaar wees om inligting oor die inhoud van sulke kursusse by Suid-Afrikaanse universiteite uit te ruil. In die *Akroterion* van Junie 1993 het M. Lambert 'n baie interessante uiteensetting gegee van die inrigting van die kursusse by Pietermaritzburg. In aansluiting daarby word hier iets meegedeel oor die wyse waarop hierdie vak op Stellenbosch ontwikkel het.

Die eerstejaarskursus in Klassieke Kultuur is in 1962 ingestel; in 1966 is dit na die tweede jaar en in 1971 na die derde jaar uitgebrei. Die aantal studente is ongeveer die volgende: 60-80 in die eerste jaar, 15-30 in die tweede jaar, en 6-15 in die derde jaar. Dit is interessant om te sien watter ander vakke die studente neem. Daar is heelwat studente wat moderne tale soos Engels, Duits en Frans neem; hulle beskou Klassieke Kultuur as 'n goeie aanvulling by hul studie van dié tale. Verder is daar gereeld studente van Musiek, Kuns en Drama. Veral die dramastudente is 'n interessante groep wat 'n ietwat ander benadering tot die drama het.

Die vernaamste doel van kursusse in Klassieke Kultuur behoort te wees om nie-klassici in te lei in die rykdom van die kultuur van die Grieke en Romeine. Die studente se belangstelling moet geprikkel word sodat hulle gretig sal wees om verder daaroor te lees. Dit is veral belangrik dat hulle onder die indruk daarvan moet kom dat die letterkunde, kuns en denke van die antieke nog steeds 'n groot invloed op die moderne wêreld uitoefen. Die grootste probleem lê daarin dat daar so 'n groot rykdom van aspekte is wat behandel kan word. Die opstellers van sulke kursusse kan maklik beswyk voor die versoeking om 'n alte omvattende beeld van die antieke beskawing te probeer gee.

Dit is 'n gevaar wat veral in die eerstejaarskursus baie groot is, soos ook op Stellenbosch ondervind is. In die begin was daar 'n poging om 'n groot deel van die Griekse en Romeinse letterkunde te behandel en om 'n "totale oorsig" oor die Griekse en Romeinse geskiedenis te gee. Die gevolg was dat dit 'n vreeslike vol kursus geword het en dat die studente met 'n magdom van feite oorlaai is. Veral die behandeling van die geskiedenis as 'n aparte afdeling het baie probleme opgelewer. Dit was nie baie gewild nie en as gevolg van die baie name en datums het die studente baie verward geraak.

Daarom is daar 'n aantal jare gelede besluit om die behandeling van die geskiedenis en letterkunde te integreer, en ook meer op bepaalde skrywers tot uitsluiting van ander te konsentreer. In die eerste semester van die eerste jaar word die Griekse tydperk behandel aan die hand van die volgende temas: Die bronseeu-beskawing van Kreta en Mukene; die Griekse mites en die vernaamste teorieë oor die aard van die mite; die Homeriese epos, met spesiale aandag aan die *Ilias*; die Griekse gode en godsdiens; die eeu van uitbreiding; die Persiese oorloë en die gebeurtenisse van die 5de eeu v.C.; die Griekse tragedie en

[1] *Sons of the gods, children of the earth*, Ithaca/London: Cornell University Press, 1992.

komedie - bestudering van drie tragedies en een komedie; die 4de eeu v.C., en die verowerings van Alexander.

In die tweede semester word die geskiedenis van die Romeine en hul letterkunde bestudeer aan die hand van die volgende temas: Die vroeë Romeinse geskiedenis tot 275 v.C.; mites en sages oor die ontstaan en vroeë geskiedenis van Rome; die invloed van die Hellenisme; die Puniese oorloë; die Romeinse drama en Plautus; die uitbreiding van Rome en die einde van die Republiek; Cicero as staatsman en skrywer; Lucretius; Augustus en die Goue Eeu in die letterkunde; die keisers van die 1ste eeu n.C.; Trajanus, Hadrianus en daarna; leefwyse in die Romeinse Ryk. Die geskiedenis word sover moontlik behandel met verwysing na geskiedskrywers soos Livius, Tacitus en Suetonius.

Nadat daar in die eerste jaar 'n breë oorsig oor die antieke geskiedenis en literatuur gegee is, word daar in die tweede en derde jare meer op bepaalde temas gekonsentreer. Dit word vergemaklik deurdat elke jaar in vier modules verdeel is. So is dit ook moontlik om temas af te wissel. Daar word nou ook aandag gegee aan die beeldende kunste - die Griekse kuns in die tweede jaar en die Romeinse en vroeg-Christelike kuns in die derde jaar. By hierdie modules word ruim van skyfies gebruik gemaak. Verder word daar 'n inleidende kursus in die Grieks-Romeinse filosofie aangebied. Omdat die meeste studente geen filosofiese agtergrond het nie, is dit 'n kursus waarmee hulle soms nogal probleme het. Nietemin is dit belangrik dat hulle kennis maak met die antieke filosofie wat so 'n groot invloed op die moderne denke uitgeoefen het. Nadat die antieke godsdiens in die eerste jaar kursories behandel is, word daar nou 'n aparte module daaraan gewy. (Vanjaar word dit afgewissel met 'n module oor die siening van die vrou in die antieke wêreld.) In die letterkunde word bepaalde genres meer intensief behandel: by die Grieke die tragedie en komedie, en by die Romeine die epos, retoriek satire en liriek. Die relevansie van die Klassieke word beklemtoon deurdat daar aandag gegee word aan die nawerking van die Griekse en Latynse letterkunde, bv. in retoriek, liriek en drama. Dit kan op verskillende maniere gedoen word, bv. in die kursus oor retoriek word die studente aangemoedig om retoriese stylfigure in eietydse politieke toesprake en selfs preke te identifiseer. Daar word ook spesiale aandag gegee aan moderne verwerkings van Griekse tragedies, soos by Racine, Goethe, Hofmannsthal en dramaturge van die 20ste eeu soos O'Neill, Eliot, Anouilh en Sartre.

Na heelwat besinning is daar in 1975 besluit om 'n Honneurskursus in Klassieke Kultuur in te stel. Die eerste groot vraag was of 'n kennis van Grieks en/of Latyn 'n newevereiste moet wees. Hoewel dit potensiële studente kon afskrik, is daar uiteindelik wel besluit om 'n eenjarige kursus in Grieks en Latyn of anders 'n tweejarige kursus in óf Grieks óf Latyn te vereis. Hoewel hierdie taalkursusse heelwat van die studente geverg het, het hulle hul oor die algemeen goed daarby aangepas. Daar moet openlik erken word dat een van die doelstellings van kursusse in Klassieke Kultuur is om studente ook in die tale as sodanig geïnteresseerd te kry en die Honneurskursus bied die geleentheid daartoe. Van die studente wat hierdie kursus gevolg het, het inderdaad met die studie van die tale voortgegaan en een van hulle is vandag 'n dosent in die Klassieke aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit.

In die Honneurskursus word sekere temas in diepte behandel en daar is ook groter geleentheid om temas af te wissel. Voorbeelde van temas is die volgende: Hellenistiese letterkunde, met spesiale verwysing na die roman; Griekse en Romeinse geskiedskrywers; moderne sienings van die Grieke en hul kuns; Latynse komedie en die nawerking daarvan; intensiewe studie van onderwerpe uit die klassieke en vroeg-Christelike kunsgeskiedenis.

Vanjaar is daar met 'n nuwe onderneming begin, nl. die instelling van 'n tweejarige gestruktureerde M.A. Daartoe word studente toegelaat wat nie noodwendig 'n derdejaarskursus in Klassieke Kultuur voltooi het nie, maar wel 'n B.A.-graad met hoofvakke in verwante rigtings behaal het. Aanvullende werk word dan van die studente verwag soos die

http://akroterion.journals.ac.za/

departement vereis. Daar word aan hulle 'n keuse gegee uit verskillende afdelings soos argeologie en kuns; Afrika in die Oudheid; letterkundige genres en hul nawerking; antieke godsdienste en die botsing van gelowe in die Romeinse ryk; geskiedenis en geskiedskrywers; numismatiek. Daar was groot belangstelling in hierdie kursus wat studente uit ander rigtings in staat stel om meer van die antieke beskawing te wete te kom. Omdat dit oorwegend ouer en ryper persone is wat die kursus volg en hulle geneig is om meer kritiese vrae te stel, word interessante moontlikhede vir die toekoms hiermee geopen.

Hoewel daar nog steeds leemtes en tekortkominge in die kursusse is, is daar tog 'n redelike mate van sukses behaal met die poging om belangstelling in die Klassieke te wek. In die toekoms sal daar egter rekening gehou moet word met die kritiek dat die bestudering van die Klassieke "eurosentries" is. Daar moet aangetoon word dat die lande van Afrika ook deur die kultuur van die Grieke en Romeine beïnvloed is en dat die bestudering van hierdie invloed en van die raakpunte tussen die denke van die Oudheid en Afrika 'n fassinerende onderwerp is. Hoewel Stellenbosch in hierdie opsig nog nie so ver soos Pietermaritzburg gevorder het nie, is daar al pogings in hierdie rigting aangewend, bv. die bestudering van Soyinka se verwerking van die *Bakchai* of die beplande kursus oor Afrika in die Oudheid. In die toekoms sal meer gedoen moet word om te beklemtoon dat die Klassieke ook in 'n Afrika-konteks relevant is.

P.J. Conradie